**Sondag 16 Augustus**

**Skrifgedeelte: Rigters 17:7-13; 18:20-26**
**Fokusgedeelte: Rigters 18:24**

## Miga – God en my gemaksone

Wat stel jou op jou gemak in jou verhouding met die Here? Wat is jou gemaksone? Die Miga (wie is soos die Here?), van Rigters 17 en 18 het, op voorstel van sy ma, ’n silwer godsbeeld laat maak en in die heiligdom in sy huis gesit. Op die koop toe het hy ’n Leviet gekry om vir hom ’n leermeester en priester te wees. Sy oordeel was: “Nou weet ek die Here sal vir my goed wees, want die Leviet het my priester geword!” Miga het hom knus in sy persoonlike gemaksone bevind.

Juis toe verskyn die mense van Dan op die toneel. Hulle het Miga se gode gesteel. Met die wortel van ’n groter gemeente, ’n stam in plaas van ’n gesin, het hulle Miga se priester saam met hulle gelok. Natuurlik het Miga dit nie sonder meer aanvaar nie. Hy en mense van sy omgewing het die Daniete agterna gesit. Toe hy hulle inhaal, skreeu hy dat hy niks oor het nie, omdat die Daniete sy god en sy priester weggevat het (Rigt. 18:24). Hy moes egter noodgedwone die aftog blaas omdat hy en sy mense veels te min was. Skaars in sy gemaksone, of Miga was weer daar uit.

Wie het Miga se gemaksone versteur? Sy antwoord sou sekerlik wees: die Daniete. Was dit hulle, of was dit God? Uit die Nuwe Testament weet ons: Jesus Christus het die gemaksone van God se volk meer as enigiemand anders versteur. Die volk het Hom daarvoor met sy lewe laat boet.

Soos Miga, kan die Here ons ook uit ons persoonlike gemaksones laat kom. Leef onder leiding van die Heilige Gees in ’n lewende verhouding met Christus, die Here en Koning van sy kerk. Ondersoek sy Woord voortdurend. Herskik telkens weer jou lewe onder leiding van sy Heilige Gees.

Dien die Here – nie soos dit vir jou gemaklik is nie – maar soos Hy wil!

*Sing: Psalm 65-1:2 (1936)*
*Ds. JH (Johan) Jordaan (Vereeniging)*